

# Dinsdag 11 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 19:1 –  
20:6

Fokusgedeelte: Jeremia 19:10;  
20:6

## God sal met jou praat deur jou pyn

Gister was die klei nog sag, en daar was nog kans vir omdraai. Vandag is die kleipot hard, en die skerwe van 'n kleipot kan nie weer inmekaar gepas word nie. God waarsku nie maar net met leë dreigemente nie. Kanse gaan verby en die tyd vir God om op te tree, kom. En dan is dit te laat vir trane. 'n Klipharde oordeel kom op sy volk wat met stywe nekke volhard in verkeerde gedrag.

Het God dan sy beloftes van die genadeverbond vergeet? Verbreek God sy beloftes van permanente trou en goedheid aan sy volk? Hou sy liefde op? Nee.

Spreuke 27:6 sê: “Op 'n vriend wat jou seermaak, kan jy reken; iemand wat jou haat, is oordadig met sy soene.” Ek en jy kan nie maar net aangaan met 'n valse vrede dat God se genade en liefde beteken dat ons onreg en skelmstreke eindeloos oorgesien sal word nie.

Hebreërs 12 leer ons duidelik dat, as verlose kinders deur die bloed van Jesus, daar selfs nog 'n tyd kan kom vir nodige dissipline en pynlike tug. Daar staan in vers 7 dat ons die tug moet verdra as opvoeding van God. Wie nie wil hoor nie, moet ongelukkig voel. Pyn laat ons dikwels wakker ruk uit die leuens oor ons sonde waarmee ons onself gepaai het. Hebreërs 12:10 sê dat God sy kinders tug tot hulle beswil sodat ons in sy heiligheid mag deel. Tug kan jou selfs laat huil met pyn of verlies, maar dit lewer goeie vrug vir die wat daardeur gevorm word.

God is te lief vir jou om jou net te los. Trane oor jou tug bring weer vreugde oor sy genade.

*Sing: Psalm 32-1:2, 3*

*Dr. G van Wyk (Griffel) (Rustenburg)*